Publication: Beeld Finale - Sake
Title: Brandstof maak 2021 dalk jaar van klippe kou
AVE: 53126.85
Page: 11
Publish Date: 08 February 2021
Author: Hanlie Stadler



Brandstof maak 2021 dalk jaar van klippe kou

Hanlie Stadler

As jy nog nie ná 2020 se Covid-19-wipwarit die gordel stywer getrek het nie, is dit nou die tyd om dit te doen – al is dit net omdat brandstofpryse vanjaar waarskynlik skerp gaan styg.

Dis kwalik wat jy wil hoor net 'n paar dae nadat petrol 81c per liter en diesel 58c (0,05% swael) of 59c (0,005% swael) per liter duurder geword het.

Maar intussen het die prys van Brent-ruolie Donderdag meer as $60 per vat bereik, die hoogste vlak in meer as 'n jaar. Die prys van Brent-ruolie, die grondbestanddeel vir Suid-Afrikaanse brandstof, styg nou al sedert einde Oktober skerp, maar die effens sterker rand einde verlede jaar het die eerste styging in die brandstofprys tot Januarie uitgestel.

Volgens die ekonoom Dawie Roodt van die Efficient Group sou brandstof nou selfs duurder gewees het was dit nie vir die sterker rand nie.

Roodt verwag dat Tito Mboweni, minister van finansies, in sy begrotingsrede op 24 Februarie skerp stygings in die brandstof- en die Padongelukkefondsheffing gaan aankondig.

"Daarby verwag ek dat die rand gaan verswak, wat pryse selfs verder gaan opdruk."

Neil Roets, uitvoerende hoof van die skuldberadingsmaatskappy Debt Rescue, sê mense moet onthou dat stygende brandstofpryse die hele verskaffingsketting van goedere en dienste beïnvloed. Die prys van 'n buskaartjie of taxirit gaan waarskynlik ook styg, wat dit vir miljoene Suid-Afrikaners duurder gaan maak om by die werk te kom of werk te soek.

Roets wys daarop dat tot 30% van Suid-Afrikaners volgens Old Mutual se Spaar- en Beleggingsmonitor kos op skuld moet koop. Baie daarvan is op kredietkaarte of met betaaldagleninge, wat selfs te midde van rekordlae rentekoerse hoë rentekoerse hef en dus mense se skuldprobleme vererger.

Roets sê verbruikers moet proaktiewe stappe doen om hulself vanjaar te beskerm. Hulle moet so min as moontlik op krediet staatmaak, oorslaan na goedkoper handelsname en in die algemeen op nienoodsaaklike uitgawes besnoei.

Wat jy in Maart, April kan verwag

Die onderverhaling vir die eerste drie dae van die oorsigmaand vir Maart se brandstofpryse is reeds meer as 70c per liter vir 95-oktaan en 60c vir 93-oktaan.

Die onderverhaling dui aan met hoeveel pryse sal moet styg om brandstofmaatskappye te vergoed vir die feit dat hulle nou meer vir brandstof op die ope mark as die vasgestelde prys vir Februarie betaal.

Die oor- of onderverhaling word deur twee faktore bepaal – internasionale brandstofpryse en die rand-dollar-wisselkoers.

Benewens die onderverhaling, kan die regering ook genoodsaak word om 'n balansheffing op die brandstofpryse in te stel weens die laaste paar maande se skerp stygings.

In April word die stygings in heffings van krag wat Mboweni in sy begrotingsrede aankondig.

Ander moontlike stygings

Belasting: Nuwe of hoër belastings kan van Maart af geld, hoewel nie alle ontleders saamstem dat Mboweni midde-in die Covid-19-pandemie met die gepaardgaande druk op die ekonomie belasting skerp sal verhoog nie.

Jy sal beslis meer vir bier, wyn en sigarette betaal en die tesourie kan dalk besluit om belastingkerwe nie met die inflasiekoers aan te pas nie, wat beteken mense wat verhogings kry, kan in 'n hoër kerf val en dus meer belasting betaal.

Kospryse: Daar is algemene konsensus dat kosprysinflasie aan die styg is. Veral vleis, kookolie, suiker, brood en mieliemeel word op die oomblik vinnig duurder – dus stapelvoedsel in die meeste huishoudings. Kospryse styg tans met gemiddeld 6%, amper dubbel die algemene inflasiekoers van 3,1%.

Elektrisiteitstariewe: Verskeie hofsake en prosesse is tussen Eskom en die Nasionale Energiereguleerder aan die gang wat kan meebring dat elektrisiteit vanjaar tot 15% duurder kan word.